UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Office of the Rector and Vice-Chancellor

27 Mei 2019

**Communique van die Rektor en Visekanselier aan die universiteitsgemeenskap**

Beste Personeel en Studente,

Ek skryf aan u as Rektor en Visekanselier om my teleurstelling en diepe kommer uit te spreek oor gebeure wat in die loop van onlangse protesoptrede op ons kampusse (4 April 2019 op die Qwaqwa-kampus en 21 Mei 2019 op die Bloemfontein-kampus) plaasgevind het. Ek is veral verontrus oor die mate waarin hierdie voorvalle van geweld, vandalisme en intimidasie minagting toon vir die veiligheid, waardigheid en regte van personeel en studente, asook vir universiteitsinfrastruktuur.

Ek wil my eensgesindheid met personeel, studente en besoekers bevestig en betuig deur sterk standpunt teen hierdie optrede in te neem; ek is so jammer dat u sulke gedrag moes beleef.

Soos u weet, het ons hard gewerk om die betrokkenheid van die Institusionele Studenteraad (ISR) en die onderskeie kampus-SR'e te verhoog ten einde op studentevrae, navrae en NSFAS-kwessies te reageer, toegewings ten opsigte van studentefinansies moontlik te maak en die studentestem in die bestuur van die universiteit te versterk. Ons sal voortgaan om dit te doen.

Ons het ook deur middel van ons Geïntegreerde Transformasieplan (ITP) hard gewerk om die visie en missie van ons universiteit te bereik en om 'n nuwe universiteitsburgerskap te skep wat die etiek van omgee beklemtoon, asook verhoogde wisselwerking met nywerhede, die private sektor, handel en skenkers, sodat ons meer geld in studentebeurse, studentesukses, universiteitsinfrastruktuur en navorsing kan belê. Die geweld wat gedurende hierdie protesaksie plaasgevind het, het die moontlikheid om ons universiteit se reputasie te benadeel, maar nog belangriker, dit stel dít in gevaar wat ons as 'n universiteit wil wees – 'n denkleier wat ons provinsie, ons land, ons kontinent en ons wêreld beïnvloed.

Die intimidasie, die gedwonge ontwrigting van klasse en toetse, die rassistiese opmerkings, die aanranding en vandalisme wat tydens hierdie betogings plaasgevind het, is onaanvaarbaar.

As Rektor en Visekanselier is dit my verantwoordelikheid om saam met die universiteitsleierskap diskriminasie, rassisme, viktimisasie, intimidasie en geweld uit te wis. In die uitvoering van hierdie verantwoordelikheid wil ons die universiteitsgemeenskap verseker dat:

[a] die ondersoeke en dissiplinêre prosesse wat uit hierdie protesaksie voortspruit, met die uiterste dringendheid binne die universiteit se dissiplinêre prosesse afgehandel sal word, en dat die universiteitsgemeenskap op hoogte gehou sal word van die vordering met die ondersoeke en dissiplinêre uitkomste;

[b ons die universiteit se dissiplinêre prosedures sal herbeoordeel sodat diegene wat in gewelddadige protesoptrede geïdentifiseer word, baie vinniger dissiplinêr verhoor kan word;

[c] ’n protokol ontwikkel sal word om riglyne aan personeel en studente te verskaf oor wat om te doen in die geval van ontwrigting;

[d] ’n stelsel van ‘reële-tyd’ kommunikasie aan ons personeel in die geval van ontwrigtings ingestel sal word; en

[e] ons in samewerking met die Senaat, Studentesake en die ISR sal voortgaan om met studente gesprek te voer om hulle bewustheid te verhoog oor wat vreedsame protes is en hoe dit behoorlik uitgevoer moet word.

Terwyl ek die diepe kommer van personeel en studente deel en begrip het daarvoor, wil ek ’n beroep doen op die universiteitsgemeenskap vir geduld en selfbeheersing terwyl hierdie gebeure hanteer word. Die universiteitsleierskap is daartoe verbind om op ’n hoflike en waardige wyse met alle lede van die universiteitsgemeenskap om te gaan ten einde ’n omgewing te vestig wat veilig, vreedsaam en bevorderlik vir akademiese bedrywighede is.

Groete

Prof. Francis W Petersen
Rektor en Visekanselier
Universiteit van die Vrystaat